Hallo almal

Dit is nou warm en droog hierdie tyd van die jaar in Zambië, met geen vooruitsigte vir reën tot middel November nie!

Dit gaan goed met ons, alhoewel die swaarkry en pyn en lyding onder die mense rondom ons, ons soms onderkry. Dan besef ons net weer ons het soveel om voor dankbaar te wees!

Projekte

Ons het 'n jong besoeker uit Engeland wat vir bykans 3 weke hier kom uithelp het. Katherine Mason (familie van Tom en Ellen Mason) is van York in die Middelande en klaar met graad 11. Sy beplan om medies te gaan studeer en haar hart lê ook in Afrika by die weduwees en wesies.

Ons het met haar aankoms, terwyl daar 'n vlaag van koue hier verby is, vir die weduwees en wesies gaan komberse uitdeel. Die pastoor het ons vergesel en ons het van 'village' na 'village' gery en komberse uitgedeel. Dit was soms hartverskeurend. By een 'village' kom die ou tante nie tevoorskyn nie. Ons hoor toe die pastoor praat met haar en hy verduidelik toe aan ons dat sy verlam is en alleen bly. Hy gaan help haar toe uit haar hut "uittrek", want sy moet skuifel op haar arms en sy wil graag vir ons stoele aanbied.

By 'n volgende 'village', sit 'n ou dame onder 'n boom met haar gesig weggedraai van ons af. Die pastoor verduidelik toe dat sy kaal en half blind is en te skaam is om op te staan. Die pastoor vertel toe dat haar hele familie al uitgewis is deur Vigs en dat daar niemand meer na haar omsien nie. Die man wat somtyds vir haar water bring, is na Lusaka en daarom is sy al 4 dae sonder water! Hy bedek haar toe met die kombers en toe ek en Katherine vir haar boon-op klere gee, toe gryp sy vir Katherine om die nek en soen haar! Lourie en die pastoor het toe ons daar weg is vir haar kos, water, brandhout en 2 kastrolle geneem.

Kanjanji Children's Village

His heart, His hands, His little children

No. 32 – 15 August 2009

Katherine Mason

Hi everyone,

This time of year is hot and very dry in Zambia with no prospect for rain until the middle of November.

It is going well with the two of us although the need and pain and suffering around us do sometimes get overwhelming. Then we just realise again how blessed we really are!

Projects

We had a visitor from England helping us for 3 weeks. Katherine Mason from York in the Midlands has finished grade 11. She plans to study medicine after school and she also has a heart for Africa's widows and orphans. We had a cold front moving over Zambia on Kath's arrival and we decided to go and hand out blankets to widows and orphans in real need.

The pastor accompanied us as we went from village to village to hand out the blankets. It is quite heartbreaking to see the poverty. At one of the villages a woman was talking to us from inside her little mud hut. The pastor explained to us that she lives on her own and that she is paralysed from the waist down. She does not have a wheelchair and has to crawl on her arms in order to move around. Can you even begin to imagine the dire situation!

At another village an old woman is sitting outside under a tree with her back to us. The pastor explained to us that she is half blind and half naked because of lack of proper clothing. Her whole family had been wiped out by the dreaded AIDS virus and there is no one to look after her. The man that occasionally brings her water had gone to Lusaka and she had been without water for 4 days. The pastor covered her with a blanket and we gave her some clothing. You should have seen her joy! Later that afternoon Lourie and the pastor returned to give her some food, water, blankets, fire wood and two old cooking pots. She just could not believe that these white people were being so good to her and she started to thank God there and then.

Gisteroggend staan hier 'n klein seuntjie voor ons deur en ek sien toe dadelik die verslete kleertjies en die hare wat kol-kol uitgeval het (gewoonlik 'n teken van erge wanvoeding). Ek sê toe hy moet saamloop 'preschool' toe en vra dat Mike, die onderwyser, my moet help. Ons neem hom toe badkamer toe, gee hom 'n goeie skrop in die bad en trek hom mooi skoon aan.

Craven het tot toe nog geen word geuiter nie! Hy is van 'n naburige 'village' waar sy ouer boetie na hom kyk, wat ook nie skooltoe gaan nie. Hulle is albei wesies en nie een van hulle is al ooit skool toe nie!!!

Gebedsversoeke

† Bid asb dat ons die weduwees en wesies sal identifiseer wat regtig hulp nodig het.

† Sê saam dankie vir die 35 Tonga Bybels wat ons oorhandig het aan nuwe gelowiges.

† Bid saam vir die komende OM kongres en ons pad vorentoe.

† Sê dankie dat God hulp uit soveel oorde stuur … Hy bly awesome!

Nogmaals dankie en groete aan julle almal!

Kyk gerus op ons website vir die nuutste fotos en inligting

Lourie & Gisela Ferreira

www.kanjanji.com /
childrensvillage@kanjanji.com

✉ Posbus 630677, Choma, Zambië



Craven, die klein seuntjie / Craven, the little boy

Yesterday morning I noticed a particularly dirty little boy near our front door. His clothes were worn and he had lost patches of hair (usually a sign of severe malnourishment). Mike, the preschool teacher, helped us to give this little boy a good wash in the bathroom and we gave him a few changes of proper clothing. Up to that time Craven had not said a word. We later found out that he is being looked after by his brother, who is only slightly older than him, and that they are orphans living in a nearby village. Neither of them had ever been to school!

Prayer requests

† Please pray that we would be able to identify the widows and orphans in real need!

† Give thanks to the Lord for the 35 Bibles we were able to give to new believers.

† Please pray for the coming OM conference and our way forward.

† Give thanks to our amazing God for helping us in so many ways – He is awesome!

† Please pray that we will be able to continue to give glory to God through all the programmes and keep our focus on Jesus.

Blessings until next time!

Visit our web site for the latest pictures and information.

Lourie & Gisela Ferreira

www.kanjanji.com /
childrensvillage@kanjanji.com

✉ PO Box 630677, Choma, Zambia

Kanjanji Children's Village
His heart, His hands, His little children